SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: Melanie Carmen Moen

Universiteit: Universiteit van Pretoria

Meesters: | **Doktoraal:** x | **Postdok:**

Studierigting: Opvoedkundige Sielkunde

Titel van proefskrif of Verhandeling: 'N ONDERSOEK NA DIE ETIOLOGIESE FAKTORE VAN KINDERS WAT 'N FAMILIELID VERMOOR

Datum van afhandeling: 15 Julie 2017 **Uitslag:** Gradeplegtigheid, 7 September 2017

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

Suid-Afrika word as 'n gewelddadige samelewing beskou, met 'n gemiddelde nasionale moordsyfer wat beduidend hoër is as in die res van die wêreld. Die familie is 'n kernsisteem binne die breëre gemeenskap en word tradisioneel as veilige sisteem beskou. Die realiteit is egter dat 'n groot persentasie moorde in Suid-Afrika deur 'n kennis, familielid of lid van 'n huishouding gepleeg word. Die doel van hierdie navorsing was om die kind as oortreder van familiemoord beter te verstaan. Die navorser wou bepaal watter individuele en sistemiese faktore aanleiding gee tot familiemoord en of 'n steekproef-spesifieke profiel vir sodanige kinders saamgestel kon word. 'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is gevolg en kwalitatiewe inhoudsontleding is vir data-analise gebruik. 'n Fenomenologiese benadering is gebruik om die verskynsel sonder moontlike vooropgestelde persoonlike of teoretiese idees te ondersoek. Die dokumente van nege gevalle is in-diepte bestudeer en onderhoude is met kundiges gevoer. Die hoofbevindinge was dat die kind wat familiemoord pleeg dikwels 'n swak of geen band met die primêre sorggewer gehad het. Die swak band asook die akkumulatiewe individuele en omgewingstressors het gelei tot gevoelens en persepsies van verwerping. Geborge huislike omstandighede het dikwels ontbreek. In sekere gevalle het die kinders van ontvlugting gebruik gemaak, wat onder andere dwelm- en alkoholmisbruik ingesluit het. Die kind se emosionele behoeftes is in die meerderheid gevalle grotendeels misken en verlies is in verskeie gevalle nie toereikend hanteer nie. Gesinswanfunksionering, wat mishandeling en ekstreme ouerskapstyle ingesluit het, was opvallend. Akkumulatiewe stressors het dikwels gevoelens van angs en onderliggende aggressie tot gevolg gehad. Interpersoonlike verhoudingsprobleme was opmerklik. Kenmerke van gedragsafwyking was in twee gevalle opgemerk. Die akkumulatiewe individuele en sistemiese gebeure het oor jare plaasgevind en veroorsaak dat die kind uiteindelik familiemoord gepleeg het. In die geval waar 'n kind familiemoord pleeg is daar dikwels net een slagoffer, maar in ses van die gevalle wat in die studie ondersoek word, was daar meer as een slagoffer.